# In nugterheid herdenk ons die aanskouing van waarheid.

Teks: Handelinge 2: 14 - 36
Teksvers: Handelinge 2: 33

## 1. Inleiding

Ons herdenk vandag iets wat bietjie vreemd is. In ons moderne wêreld met sy koue wetenskaplike benadering, is hierdie gebeure vreemd. Vandag vind mense dit moeilik om te glo dat ons Here Jesus Christus opgevaar het na die hemel. Maar tog moet ’n mens net kyk en dan sal jy dit sien. Die is ten slotte die punt wat Petrus ook in sy epiese toespraak in handelinge 2 maak, “dit is wat julle nou sien”.

Maar is dit nog so eenvoudig, hier in 2020. Nou dat daar baie tyd verloop het tussen die gebeurtenis van die opstanding en nou. Of word mense wat vandag nog in die opstanding glo verdink van waansin, of selfs dronkmans-praatjies. Wel as dit so is, is daar eintlik baie meer in gemeen met die omstandighede in Handelinge 2 as wat ons dink.

Ten slot van sake wil ons uitkom by die hoop wat daar lê, by dit wat ons vandag herdenk. Ons wil nie bloot argumente van dwaalleer net weerlê nie, en almal ontnugter en onseker laat nie. Veral in die huidige omstandighede, waar ons eintlik so gebombaardeer word met die gebrokenheid van die wêreld rondom ons. Ja daar waar die bestaan van die mens juis onder bedreiging, sinneloos en leeg voel. Waar dit maar voel soos een aanhoudende opdraende stryd om maar net aan die lewe te bly.

Geliefde as hierdie donkergat die plek is waar u, uself vandag bevind, kom luister na ’n groepie mans. Want daar is ’n rede om op te kyk. Trouens daar is iets, iets baie beter om na op te kyk. Die wêreld beskou dit as ligsinnige praatjies, slefs dronkmanspraatjies. Maar wanneer jy hierdie hoop raaksien en ervaar het, kan dit nie weer ongesien en vergete raak in jou lewe nie.  Wat is hierdie hoop waarvan ons praat?

## 2. Geen ligsinnige praatjies nie

Ons teksvers trek saam in. die laaste paar woorde daarvan naamlik: “Dit is wat julle nou sien en hoor”. Dit is die begin van die slot van Petrus se belangrike toespraak hier in Handelinge 2. Maar kom ons staan nog bietjie verder terug. Hoekom is dit in die eerste plek nodig dat Petrus hierdie toespraak maak?

Die rede vir hierdie toespraak is nodig in reaksie op stellings wat gemaak is deur mens oor die optrede van die apostels in Handelinge 2. Hierdie Galileërs praat en profeteer in elkeen se moedertaal die evangelie. En omdat mense nie verstaan wat gebeur nie probeer hulle dit belaglik maak, amper net soos vandag. En daarom sê hulle dan in die voorafgaande vers 13: “Hulle is dronk” Net soos ons vandag irrasionele optrede toeskryf aan tydelike verduistering of afstomping van die sinne, deur iets soos alkohol of ander verdowingsmiddels. Net soos word die optrede van apostels geoordeel as onder die invloed.

Maar Petrus maak duidelik die teenstelling in vers 15 : “[15]Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre.” Tog is die blote tyd van die dag nie ’n vaste versekering dat iemand sal nugter wees nie. Ons weet selfs vandag nog is die tyd van die dag nie ’n versekering dat iemand nie onder die invloed is nie. En daarom gaan Petrus verder en verduidelik presies wat hierdie manne doen en sê. Trouens hy kan ook

nie anders nie, want die Heilige Gees werk hierdie boodskap ook in hom.

Daarom kan hy nie stilbly oor dit wat die mense duidelik moet raaksien nie. Dit is dan waarna ons teksvers verwys in die woorde: “Dit is wat julle nou sien en hoor”. Daarom waar vers 15 die inleiding vorm, vorm vers 33 die slot van hierdie toespraak. Maar wat lê dan tussen hierdie inleiding en slot van die toespraak.

## 3. Die Gees getuig

Die inhoud van hierdie toespraak van Petrus is die evangelie. Maar omdat die evangelie net so ver verwyder is, van die sondige mens, is iets meer nodig. En daarom omsluit hierdie verduideliking van Petrus die hele drie-enige God. Ons lees van God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Op hierdie manier is Petrus besig met die boonste grens van dit wat Hy meedeel. So hoog as wat die gaan. Dit is natuurlik juis gepas hier waar ons ook stil word rondom die gedagte van hemelvaart.

Daar is niks hoër nie. God is verhewe bo alles en almal. Jesus, die Naserener is deur God gestuur. Omdat Jesus self God is kom Hy van heelbo af. En daarom maak dit net sin dat Hy ook na alles weer terugkeer na bo, na heel bo. Dit is die hart van die boodskap tydens hemelvaart. En dit is ook wat vir Petrus hulle die moed gee, om die evangelie te verkondig. Die belangrikheid om die mense te laat verstaan waarna hulle kyk as hulle opkyk.

Maar dan is die nie net die boonste grens van alles waarmee Petrus besig is, in sy vertelling nie. Dit is ook die agterste grens. Ver terug in die verlede. Hy verwys na die woorde van die profeet Joël by name. En dan haal hy ook ruimlik uit die psalms aan. Hierdie boodskap wat Petrus hulle bring is geen nuwe boodskap nie.

Tog weet die Here dat sondige mense nooit sal kan verstaan nie. Dat dit juis die sonde is wat ons sinne so verduister, of eintlik laat sterf, dat ons nie kan sien en hoor nie. En daarom is die Heilige Gees nodig. Die Heilige Gees wat hierdie geloof in ons kom werk. Die Heilige Gees wat van die Vader ontvang is deur ons Here, Jesus Christus. Maar dan ook deur die Here Jesus Christus aan ons gegee is. Met dit is die verlossingswerk van Christus as volmaakte Middelaar voltooi. En dit is wat Petrus hulle wil hê mense moet sien en hoor.

## 4. Sodat julle kan sien

Maar dan is dit nie net die boonste grens waarmee Petrus hulle besig is nie. Dit is ook die onderste een. En dit ook presies wat hemelvaart aan ons openbaar. In die woorde van Efesiërs 4:9 : “[9]Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar”, veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.” Hy het neergedaal na ons toe. Soos ons reeds gesê het, is ons die sondige mense hier onder. Mense wat nie welkom was in die teenwoordigheid van die Here nie.

Maar dit is dan wat ons Here Jesus Christus neerdaal, na ons toe. Dit is dan wat Hy as ware hierdie onderste grens van die hemel. Hierdie onderste grens van God se genade tot by ons bring. Dit is dan ook juis wat hemelvaart aan ons bevestig. Dat Jesus terug gekeer het na die hemel, beteken dat die skeiding tussen ons en die Here weggeneem is. Christus as Verlosser kom versoen ons met God die Vader, wanneer Hy deur heidenne gekruisig word in vers 23.

Maar dan is daar nog die voortentoe grens. En dit is waarmee ons juis soms sukkel. Die gebeure waarop ons fokus het om en by 2000 jaar gelede gebeur. Tog weet ons dat dit ook ons vandag insluit. Want die Heilige Gees wat die Here Jesus aan ons gee werk juis hierdie geloof in ons. Geloof in die verlossende krag van Christus.

Daarom kan ons sê dat die werking van die Heilige Gees, wat eintlik ten diepste

die onderwerp van Petrus se toespraak is, ook in ons vandag werk. En dit is die werking van hierdie Heilige Gees, wat ons oë en ore oopmaak. Wat ons in nugterheid die waarheid laat aanskou. Die waarheid van ’n liefdevolle Vader wat Sy eniggebore Seun opoffer om vir ons sondes te sterf. Maar dan juis ook die Seun wat die dood oorwin as ware nakomeling van Dawid. Wat opstaan uit die dood en dan opvaar na die hemel, waarvandaan ons Hom ook weer verwag.

## 5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit deur weer na die menslike aantuigings te kyk teen die werk van Petrus hulle. En ook dit is nie ’n nuwe verrassing nie. Die wêreld het nie plek vir Christus nie. Ons leef ook vandag in ’n omgewing wat dikwels poog om die evangelie belaglik te maak. Wat poog om geloof en ’n vaste vertroue op die Here te skuif in ’n gebied van waansin en belaglikheid in. Tog weet ons deur die kragtige werking van die Heilige Gees dat ons behoue sal bly in die Verlossing in die Here, totdat Hy weer terrugkom van die Hemel waarheen Hy ook opgevaar het.

Intussen het ons egter die voorreg om as kind van die Here te lewe. So Dawid uitgesien het na die Verlosser wat aan die regterhand van God sit, net so kan ons vandag in herinnering lewe, dat die Verlosser steeds aan die regterhand van God sit. Dat al die vyande van Christus uiteindelik ’n voetbank van vir Sy voete gemaak sal word. Ons kan dit aanskou, soos Dawid het.

Dit is waarin die besondere troos en hoop van hemelvaart lê. Want al leef ons vandag omtrent 2000 jaar later, is ons steeds ingesluit. Ons is deel, en daarom kan ons deur die werking van die Heilige Gees, ons geloofsoë open en Christus verhef aan die regterhand van God die Vader aanskou.

Amen.